

# 9

## **DIE VERLORE SEUN** God vergewe

### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders leer dat God ons altyd vergewe as ons sê en wys dat ons jammer is, al maak ons steeds foute.

### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

#### **Kennis**

Die kinders moet –

- die verhaal van die verlore seun ken.
- verstaan dat die verlore seun na ons as sondaars verwys.
- verstaan dat die pa in die verhaal na God verwys.
- besef dat hulle ook jammer moet wees as hulle iets verkeerd gedoen het.
- weet dat God lief is vir sy kinders en hulle vergewe as hulle jammer is.

#### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- jammer wees as hulle iets verkeerd gedoen het.
- dankbaar wees dat God hulle vergewe.
- ander mense vergewe soos wat God hulle vergewe.

#### **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om –

- die hoofpunte van die verhaal weer te gee.
- vir God jammer te sê oor verkeerde dinge wat hulle gedoen het.
- vir iemand te sê dat hulle jammer is oor iets wat hulle verkeerd gedoen het.

### **MEER INLIGTING (Lukas 15: 11-32)**

Die inligting word volledig in storienvorm uiteengesit by IETS INTERESSANT hieronder.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- 'n Poppekas en poppe, of handpoppe wat sonder 'n poppekas gebruik word. Handpoppe kan sommer gemaak word van kouse wat net oor die hand getrek word, met 'n gesiggie en hare.
- Eetgoedjies soos kolwyntjies, met iets om dit mee mooi te maak, en koeldrank.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed.

### **HET HULLE ONTHOU?**

- Kontroleer of hulle by Les 7 prente in hul boeke geplak het oor die werk wat 'n dominee doen.
- Laat 'n paar kinders vertel wat hulle en hul ouers gesels het oor –
  - hoekom dit belangrik is dat daar 'n dominee moet wees.
  - hul gesin se verantwoordelikheid in die gemeente.
  - hoe hulle moet luister na die Woord van die Here.
- Kontroleer of hulle die teks van Efesiërs 4: 11 kan voltooi:

*En dit is die “gawes” wat Hy “gegee het”: (...herders en leraars.)*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Weet julle wat 'n gelykenis is? 'n Gelykenis is 'n storie wat Jesus vir mense vertel het as Hy vir hulle iets belangrik wou leer. Eendag het Hy die gelykenis van die verlore seun vertel.

Wat dink jy sal Pappa en Mamma doen as jy van die huis af wegloop? Hulle sal vreeslik hartseer wees, nê, en hard na jou soek! En dink net hoe bly sal hulle wees as hulle jou weer kry!

Jesus het vir ons 'n storie of gelykenis vertel oor 'n seun wat van die huis af weggeloo het. Dit is die gelykenis van die verlore seun.

### **IETS INTERESSANT**

(Vertel die gelykenis met twee handpoppe, een vir die pa en een vir die seun. Met 'n poppekas kan daar 'n derde pop by wees vir die verteller, vir wie jy 'n naam kan gee soos jy wil.)

**Verteller:** Die storie gaan oor 'n pa wat twee seuns gehad het. Kom ons luister wat hy en sy pa vir mekaar gesê het:

**Seun:** Pa, kan ek asseblief nou al my deel kry van dit wat ek en Ouboet gaan erf?

**Pa:** Haai, my seun, wat wil jy daarmee doen? Is dit nie meer vir jou lekker hier by die huis nie?

**Seun:** Nee, Pa, ek wil net my eie ding begin doen.

**Pa:** Nou maar goed, my kind. Ek sal dit doen.

**Verteller:** In daardie tyd kon volwasse kinders vir hul ouers gaan vra om hul erfporsie te gee, al was die pa nog nie naby sy dood nie. Hierdie seun het dit dalk gedoen omdat hy anders as sy pa en ouboet wou boer. Na 'n ruk het hy dalk agtergekom dat sy manier van boer nie gewerk het nie en toe besluit hy op 'n ander plan.

**Seun:** Pa, my planne gaan nie werk nie. Ek gaan my deel verkoop en in 'n ander ver land gaan geld maak.

**Pa:** Goed, my seun. Ons gaan jou mis, maar 'n mens moet seker ook maar aangaan in die lewe.

**Verteller:** Ai, die pa was seker baie hartseer. En die seun het seker gedink dat dit op 'n ander plek beter sou gaan. Hy het al die goed wat sy pa vir hom gegee het – sy meubels, sy gereedskap, alles – gaan verkoop. Toe vat hy die geld en gaan na 'n ver land toe.

Sy pa het seker baie na hom verlang; miskien het hy niks van hom gehoor nie. Hy het dalk nie eens geweet of sy seun nog lewe nie.

En die seun? Eers het hy lekker gelewe. Baie partytjie gehou en al sy geld uitgemors. Naderhand het hy niks meer gehad nie. Al werk wat hy toe kon kry, was om varke op te pas.

**Seun:** Ai, ek is so honger! Hier sit ek by die stink varke, met niks geld en niks kos nie. Ek wens ek kan net van daardie peule eet wat die varke eet! Maar niemand wil dit eens vir my gee nie. Wat gaan ek doen?

Hoekom was ek so dom? By my pa het dit goed gegaan met my. En ons het altyd kos gehad om te eet. Selfs al die mense wat net vir hom werk, het almal genoeg kos. Maar ek sit hier by die varke en ek is dood van die honger...

Wag, ek het 'n plan. Ek dink ek moet dadelik teruggaan na my pa toe. Maar ek is bang. Sê nou Pa is baie kwaad vir my en jaag my weg? Ek het darem nie mooi gemaak om alles so te gaan uitmors nie. Ek is so bang, maar ek sal hom mooi vra om my te vergewe. Ek sal ook vir hom sê dat ek soos die ander werksmense vir hom sal werk.

**Verteller:** Die seun het toe opgestaan en na sy pa toe gegaan. Hy was maar baie bang dat sy pa dalk kwaad sou wees... Kom ons hoor wat toe verder gebeur het.

**Pa:** Ai, ek verlang darem baie na daardie seun van my. Ek wonder hoe dit met hom gaan. Wag 'n bietjie, wie is dit wat daar aankom? Dit lyk dan net soos my seun... Haai, dit is my seun!

Siestog, kyk net hoe maer is hy, en kyk hoe bang lyk hy. Maar ek is so bly om hom te sien, ek gaan hom dadelik groet. Ek gaan na hom toe hardloop en hom soen en omhels, want hy is mos my seun.

**Pa:** Hallo, my seun! Ek is so bly jy is terug. Gaan dit goed met jou?

**Seun:** Pa, ek is so jammer ek het Pa so seergemaak. Ek het teen Pa en teen God gesondig. Pa wil my seker nie eens meer as seun hê nie? Kan ek nie maar net vir Pa werk soos die werksmense nie?

**Pa:** Waarvan praat jy, my seun? Ek is nog net so lief vir jou en jy sal altyd my kind bly! Kom, die werksmense gaan nou vir jou skoon klere en skoene aantrek, en ook vir jou 'n ring gee om te wys jy is nog my seun.

Kom, julle! Gaan haal die vetgemaakte kalf en slag hom, want ons gaan feesvier. My kind was dood, maar hy lewe weer. Hy was verlore, maar ek het hom teruggekry.

**Verteller:** En toe het hulle omtrent feesgevier, want die pa en al die werksmense was so bly sy seun is terug. Hy was glad nie eens vir hom kwaad nie, want hy was lief vir hom. As 'n mens lief is vir iemand, dan vergewe jy hom mos as hy iets verkeerd aan jou gedoen het.

## IETS BELANGRIK

- Skerp bogenoemde weer in met die volgende gesprek:

Hoekom dink julle het Jesus hierdie storie vertel? (*Hoor wat hulle sê en lei hulle tot die volgende antwoord:*) Ja, om vir ons te wys dat God net so lief is vir ons soos dié pa vir sy seun. Want ons is mos God se kinders, al is ons soms ook stout en doen ons sonde. Maar die wonderlike is, Hy bly altyd lief vir ons, want ons is sy kinders. Daarom is God altyd bereid om ons weer te vergewe. Ons kan maar net na Hom teruggaan en sê ons is jammer oor al die sondes wat ons doen.

- Lê die feite vas met die volgende vrae:
  - Wat noem ons die stories wat Jesus vertel het? (*Gelykenisse.*)
  - Wat is hierdie gelykenis se naam? (*Die verlore seun.*)
  - Wat leer ons oor God in hierdie gelykenis? (*God is net so lief vir ons soos die pa vir sy seun. Hy sal ons ook altyd vergewe as ons bewys ons is jammer.*)
- As jy kwaad is vir mense wat lelik was met jou, sal jy hulle ook vergewe? (*God wil hê dat ons ook bereid moet wees om te vergewe, soos Hy ons vergewe.*)

## IETS OM TE DOEN

Omdat ons ook bly is dat die pa sy seun vergewe het, gaan ons nou saam met hom feesvier. Neem die kinders na 'n ruimte waar hulle kan "feesvier" met die koekies en koeldrank. Hulle kan eers voorberei deur die koekies mooi te versier, en daarna eet hulle dit. Terwyl hulle werk, vertel weer dat daar by God ook feesgevier word as ons wys ons is jammer oor ons sonde.

## BY DIE HUIS

### Doen

Laat hulle –

- met hul ouers gaan gesels oor iemand vir wie hulle dalk nog kwaad is. Laat hulle hul ouers vra om hulle te lei om vir hom of haar te gaan sê hulle is jammer.
- hul ouers vra om aan tafel te bid en dan spesifiek vir die Here te vra om hulle te vergewe vir alles wat hulle verkeerd doen.
- die seun op die prentjie in hul boek help om sy paadjie terug te kry na sy pa.

### Leer

- Laat hulle die volgende vrae en antwoorde gaan leer:
  - Wat noem ons die stories wat Jesus gebruik het om iets belangrik te verduidelik? (*Gelykenisse.*)
  - Wat is die naam van die gelykenis van die seun wat varke gaan oppas het? (*Die verlore seun.*)
  - Wat leer ons oor God in hierdie gelykenis? (*Dat God net so lief is vir ons soos die pa vir sy seun. God sal ons ook altyd weer vergewe.*)
- Laat hulle Lukas 15: 23 en 24 uit die kop gaan leer:

*Laat ons eet en feesvier! Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.*

## AFSLUITING

- Lees Gesang 548: 1 en 3 met die klem op vers 3.

*Ek weet Jesus lewe, daarom is ek bly.  
Selfs wanneer ek bang is, weet ek Hy's naby.*

*Selfs wanneer ek stout is of my sleg gedra,  
sal Hy my vergewe as ek Hom dit vra.*

- Sluit nou af met gebed en vra spesifiek om vergewe te word.